BILTONG BULLETIN

Uitgawe 23 - Julie/Augustus 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@afriforum.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons die adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

LEESHOEKIE

Fynproe is 'n nuwe fynwyn, fynkos en leefstyl tydskrif – sien **www.fynproe.co.za**.

- - - -

Hiermee 'n interessante stukkie nuus uit die nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (**www.akademie.co.za**) van Junie 2007:

'n Rekenaar wat kan sê "Goeie more"
Rudolph Barnard is 'n man wat hou van Afrikaans. Hy is ook iemand wat hou van rekenaarsagteware en hy is in die finale stadium om 'n program te ontwikkel, wat volgens Danie Gordin van Microsoft Africa "uniek is in die wêreld". Rudolph kan 'n rekenaar laat Afrikaans praat – en meer nog – die "g"-woorde klink soos Afrikaans, nie soos die kenmerkende "Goose" vir Goosen nie! Waar het dit alles begin?

Rudolph het ongeveer 3,5 jaar in die VSA gebly, maar het so na Afrikaans verlang dat hy begin het om fonetiek op die rekenaar te doen (natuurlik nie dieselfde fonetiek wat ons op skool geleer het nie). Toe hy besef dat groot organisasies soos Microsoft en AppleMac bykans alle ander tale behalwe Afrikaans na elektroniese stemme omgeskakel het, was daar geen keer nie. Die "g"-woorde was vir Microsoft onoorkomelik, maar Rudolph het vasgebyt en vandag het sy rekenaar 'n Afrikaanse woordeskat van 14 000 woorde (hy noem dat hy hard aan die werk is om 'n verdere 300 000 woorde by te voeg). Hierdie sagteware skakel teks na stem oor, en hou groot moontlikhede in vir byvoorbeeld die onderrig van gesiggestremdes of kommunikasie met ongeletterde persone. Dit werk op 'n AppleMac rekenaar, onder Unicode UTF-8 asook UTF-16 lêers, op 'n UNIX platform, maar vir ons gewone mense is al wat regtig saak maak, dat die rekenaar Afrikaans praat. Tik bloot 'n paragraaf in en kies die stemopsie, en 'n sjarmante damestem praat duidelike Afrikaans – ja, ons het dit self gehoor!

Volgens Rudolph is daar tans 'n paar beleggers wat in die produk belangstel. Hy is ook besig met die ontwikkeling van stem-na-teks in Afrikaans, wat 'n wonderlike hulpmiddel is in die besigheidswêreld, byvoorbeeld vir notules en rekords van samesprekings. Die toepassingsmoontlikhede van hierdie sagteware is volgens Rudolph baie wyd – ons dink aan stemaankondigings by lughawens, treine, sportbyeenkomste ensovoorts, veral waar noodsaaklike inligting onmiddellik aan groot groepe oorgedra moet word (wat ook ongeletterdes kan insluit). 'n Beheerkamer sou dan die teks op rekenaar tik/ontvang, en dit word per elektroniese stem via 'n openbare mikrofoonstelsel uitgesaai.

Rudolph vertel van 'n opwindende ontwikkeling deur NASA, genoem subvocal speech recognition. "Subvocal speech recognition is basically the understanding of words without the requirement for sound … reading thoughts not yet spoken, by analysing nerve commands to the throat [released by NASA on March 17, 2004]. A person using the subvocal system thinks of phrases and talks to himself so quietly, it cannot be heard, but the tongue and vocal chords do receive speech signals from the brain. Handicapped persons could use this system for a lot of things. The signals are sent to a processor, with special sensors and then to a computer program that translates them into words. Small, button-sized sensors, stuck under the chin and on either side of the "Adam's apple" could gather nerve signals."

*Rudolph het in sy loopbaan onder andere netwerkinstallasie gedoen by Compensation Law Firm, Florida VSA, verkope by Microdata en IT Projekbestuurder by NAMPAK. Hy het etlike rekenaarkursusse gedoen, maar steeds bly sy groot liefde sy moedertaal. Lede wat belangstel om meer van die projek te wete te kom, kan kontak maak met Rudolph in Pretoria by 0027-76-5432675 of **rudolph.barnard@gmail.com**.*

- - - -

Misdaad oorheers steeds die nuustoneel in Suid-Afrika. Sake-ondernemings het onlangs 'n paneelbespreking oor die onderwerp gehou en al die deelnemers het berig dat misdaad die nommer 1-onderwerp op hulle agendas is. Handelsmisdaad kos besighede jaarliks sowat R50- tot R150-miljard en die koste van beveiliging voeg 1% tot 3% by verkoopprys. Dan is daar nog aspekte soos laer produktiwiteit van werknemers wat deur misdaad geraak word en 'n afname in buitelandse beleggings.

Daar was onlangs 'n optog teen Suid-Afrikaanse misdaad in Londen – het iemand dalk vir ons nuus hieroor?

NATUURBEWARING

- Van die 671 skoenlapperspesies wat in Suid-Afrika bekend is, het 2 reeds uitgesterf, 1 kan nie opgespoor word nie en 38 word ernstig bedreig. Van die 4 000 spesies in Afrika word 17% in Suid-Afrika aangetref. 'n Suider-Afrika-skoenlapperbewaringspeiling (SABCA) is deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut, die Lepidopterologiese Vereniging van Suid-Afrika en die Universiteit van Kaapstad se dieredemografie-eenheid tot stand gebring om te bepaal hoe erg spesies bedreig word en maatreëls te tref om hulle te bewaar. Die projek word deur die Noorse regering befonds.
- Verlede maand het ons berig dat dit weer robbejagseisoen in Namibië is. Francois Hugo, 'n Kapenaar, maak wees robbewelpies groot en rehabiliteer hulle. In 90% van die gevalle is hy suksesvol hiermee. Francois is die stigter van die rob-bewaringsorganisasie Seal Alert en is sedert 1999 in Houtbaai met robberedding besig. Seal Alert se bankbesonderhede is SEAL ALERT TRUST, Rekeningnommer 146 907 9410, Takkode: 146 905, Nedbank, Northrandtak.
- Suid-Afrikaanse kopers word al meer omgewingsbewus. Meer as 3 000 kopers het die afgelope 7 maande navraag gedoen of die vis wat hulle wou koop, nie dalk 'n bedreigde spesie is nie.
- Ondersoek word gedoen na die invloed wat selfone op insektelewe het. Dit volg nadat 'n merkbare afname in mierspesies in Gauteng opgemerk is.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — JULIE / AUGUSTUS 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld* en ander dagblaaie? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@afriforum.co.za**.
- Die gewilde akteur en sanger Bill Flynn en veteraan omroeper Johannes van der Walt is beide in Julie 2007 oorlede.
- Willow Creek-olyfolie wat naby Worcester geproduseer word, het 'n goue medalje in die 2007-Los Angeles International Extra Virgin Olive Oil-kompetisie gewen.
- Eiendom behaal steeds goeie pryse, hoewel die mark begin verstadig. In Julie is R29,5-miljoen vir 'n huis van 1000m^2 op 'n erf van 2900 m^2 in die Zimbali-kusoord aan die Noordkus van KwaZulu-Natal betaal.
- Lugredery SAL wil mense aanmoedig om eerder vlugkaartjies via die internet te bespreek. Hoër diensteheffings van tussen R200 en R500 sal dus van Augustus 2007 af op toonbankbesprekings gehef word. Besprekings kan gedoen word by **www.flysaa.com**.
- Regeringslui beklemtoon dat Zimbabwiërs nie om vlugtelingstatus in Suid-Afrika aansoek mag doen nie. Hulle voldoen nie aan die VN se definisie van vlugtelinge nie. Tans stroom verhongerde mense oor die grens en daar word geskat dat etlike miljoene Zimbabwiërs hulle onwettig in Suid-Afrika bevind.

- Die nuwe Kinderwet wat in Junie 2007 in werking getree het, bepaal onder meer dat beide ouers voortaan toesig en bevoegdhede oor 'n kind sal kry, nie net die vader of moeder nie. Dit sluit besluite oor die kind se gesondheid, opvoeding en geloof in. Vaders van buite-egtelike kinders kry nou ook in gepaste omstandighede bevoegdhede oor die kind, en in sommige gevalle ook grootouers. 'n Meer omstrede aspek van die wet is dat 12-jariges meisies nou die reg het om sonder hulle ouers se toestemming aborsies te hê.
- Woolworths se moderne verspreidingsgebou in Midrand het 2007 se toekenning van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Eiendomseienaars gewen vir omgewingsvriendelike ontwerp en verbruik van omgewingsstowwe. Daar was 43 inskrywings vir die prys, wat daarop dui dat bouprojekte toenemend omgewingsvriendelik benader word.
- Na verwoestende brande in die land, staar die bosboubedryf tekorte in die gesig. Duisende hektaar plantasies is deur die brande in KwaZulu-Natal, Mpumalanga en die Wes-Kaap vernietig. Winde van tot 120 kilometer per uur het die vlamme aangejaag en dit vir vliegtuie gevaarlik gemak om die brande te help blus. Die totale skade word nog bereken.
- Buddy, die Suid-Afrikaanse hondjie wat op Bagdad se lughawe as "plofstofdeskundige" werksaam was, beseer is en teen R80 000 na Suid-Afrika teruggebring is, het ten volle herstel en in Julie 2007 weer sy pligte in Irak hervat.
- Meer tolpaaie word vir Gauteng beplan om die R22-miljard verbeterings wat die provinsie se paaie benodig, te help befonds.
- Nuwe organisasie sal beteken dat die SA Weermag se getal generaals dalk gesnoei gaan word. Tans het die weermag 220 generaals – die grootste aantal generaals per aantal soldate ter wêreld.
- Afrika dra slegs 2-3% tot die wêreldwye besteding aan navorsing by. Slegs 1,2% van die wêreld se navorsers is in Afrika.
- 'n Reuse sinkgat het onverwags naby die Bapsfonteinhotel ingesak. Dit is tussen 10- en 15-meter diep.
- Eskom se wins na belasting vir 2006/2007 beloop R6,45-miljard – 'n 39%-groei.
- PPC-sement se Young Concrete Sculptor-kompetisie vir beeldhouwerke wat sement bevat, is weer aan die gang. Inligting kan verkry word van **concretesculptor@ppc.co.za**.
- Suid-Afrikaner Raymond Rahme (62) het 6 500 spelers geklop om die derde plek in die Poker-Wêreldbekerreeks los te slaan. Hy het meer as R21-miljoen in die proses gewen.
- Pierre Fouché is as die wenner van die 22ste Absa L'Atelier-kunsprys aangewys. Die Gerard Sekoto-prys is deur Nina Barnett verower vir haar animasiewerk *Voda Voda*.
- Die parlement oorweeg voorstelle vir wetgewing wat onderwysers gaan belet om by skole te rook en die verkoop van ongesonde kos soos skyfies en sjokolade by skoolsnoepies te verbied. [*Dankie tog dat my skooljare verby is! - AB*]
- Brandstoftekorte het weer in die land voorgekom as gevolg van stakings in die petrochemiese bedryf.
- Ryan Cox, een van Suid-Afrika se mees belowende jong fietsryers, is dood na die hoofslagaar in sy linkerbeen gebars het.
- Transnet gaan meer as R200-miljoen spandeer om wagtyd met die aflaai en hantering van vraghouers in die Durbanse hawe te verminder.
- Fanus Rautenbach is deur die Afrikaanse radiostasie RSG as die grootste radio-legende van die afgelope 70-jaar aangewys.
- Lugredery SAL gaan 711 personeellede afdank in 'n poging om sy finansies reg te ruk.
- Miljoene liter riool het in die Hartbeespoortdam gevloei weens stukkende rioolpompstasies in die omgewing. Die Hartbeespoortdam-wateraksiegroep (HWAG) hou die situasie gespanne dop en beskryf dit as 'n omgewingsramp.
- Sipho Nopotwe (23) wat in 'n plakkershut in Batho naby Bloemfontein woon, is as die wêreld se beste lyndanser in sy afdeling in Blackpool, Engeland aangewys.
- Statistics SA se onlangs-vrygestelde bevolkingsyfers dui aan dat sowat 47,9% mense in Suid-Afrika woon. Van hulle is ongeveer 5,3% HIV-positief. Die bevolkingsgroei het in die jare 2001-2006 na 6,4% afgeneem, teenoor 10,4% in die vorige 5-jaar.
- Suid-Afrika ly jaarliks sowat R5-miljard skade weens kabeldiefstal. Kabels word onder meer gesteel om die koper wat daarin voorkom, te herwin.

- Op 16 Augustus 2007 word 19 vroue as regters ingesweer. Tans is 16% van die regters en 35% van die landdroste in die land, vroue.

WELSYN

Die ***Helpend Hand Fonds***, Solidariteit se maatskaplike inisiatief, het die behoefte aan finansiële steun onder Afrikaanssprekende voornemende studente wat nie elders beurse kan kry nie, hetsy weens hulle ras, taal of finansiële omstandighede, raakgesien. Die ***Helpende Hand Beursfonds***, wat in 2003 op die been gebring is, help jaarliks honderde verdienstelike studente wat andersins nie verder sou kon studeer nie. Die fonds het nou ook 'n eie webwerf bekendgestel – **www.beursweb.co.za**. Besoek dit vandag en raak asseblief betrokke!

RESEP VAN DIE MAAND

Koffie-Kaaskoek
[vergeet eers van daai dieet ...!]

Kors:
400 gram Romany Creams / sjokoladebeskuitjies
80ml gesmelte botter

Vulsel:
10 ml gelatien
500 gram room-maaskaas
200 gram sjokolade
250 ml room
15 ml kitskoffie-poeier

Metode:
Maak die beskuitjies fyn. Meng met botter en druk teen die kante en op die bodem van 'n tertbord vas. Verkoel. Strooi die gelatien oor 30ml water. Verhit tot die gelatien smelt, maar moenie dit laat kook nie. Klits die room styf en vou by die maaskaas in. Los die koffiepoeier op in 15ml kookwater en voeg dit saam die gesmelte gelatien by die roommengsel. Meng deeglik. Smelt die sjokolade oor kookwater of in die mikrogolfoond. Roer elke gereeld tot dit gesmelt het. Voeg by die roommengsel en vou in sodat die mengsel 'n marmer-voorkoms het. Giet in die voorbereide kors en verkoel tot gestol.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

- ***Leslee, voorheen van die VSA, nou in Johannesburg, vra:*** Is there any interest in a support group for foreign spouses of South Africans living in South Africa? If there is, then let me know. I will be happy to help with the organization of such a group!
  Die aanpassing in Suid-Afrika kan ingrypend wees en dit sal seker lekker wees om met iemand te praat wat dit soos jy beleef. Enige idees hieroor? Laat weet ons by **alana@afriforum.co.za** asseblief.
- ***Die SA Gemeente in die VK laat weet***: SA Gemeente is 'n inter-denominale, Christen gemeente van hoofsaaklik Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners wat tans in die VK bly. Tans bedien ons meer as 5 000 Christene in ons gemeente! Ons het verskeie bedieningspunte regoor die VK wat bestuur word uit vier wyksgemeentes – Londen, Suidwyk, Noordwyk en Middellande-wyk. As jy op die oomblik in die VK bly, of beplan om hier te kom bly, moet jy beslis 'n draai by ons kom maak! Vind uit waar jou naaste gemeente is deur ons webblad te besoek: **www.sagemeente.com**.
- ***Jannie en Judy skryf uit Toronto:*** Ons keer binnekort uit Kanada na Pretoria, Suid-Afrika terug. Wil iemand dalk in dieselfde tyd goedere van Toronto na Durban-hawe verskeep en dalk 'n houer deel met ons? Indien wel, kontak ons by **info@gloryofafrica.com**.
- ***Johan en Maryna het uit Engeland van hulle laat hoor:*** Julle nuusbrief het nou al 'n kuiergas in ons huis geword en dis so lekker as hy (julle) hier kom inloer – so 'n koel

briesie wat deur ons Engelse huisie trek. Ons woon en werk nou al 5 jaar hier tussen die Kakies en dit gaan goed met ons. Waar ons ook al in die wêreld is, bly ons nog in die holte van God se hand, sê ons dankie vir gister en vra ons mooi vir more. Elke keer as ons wonder wat nou, voorsien die liewe Vader en staan ons stom van verbasing as ons sien hoe die legkaartstukkies inmekaarpas. Ons hou nie op om vir julle te bid nie. Moenie ophou om vir ons te bid nie. Ons is bitter ver van mekaar af maar in ons harte is ons baie naby aan mekaar. Lief vir julle!

- ***Nog 'n baie gewaardeerde lekkerleesbrief kom van Stephan:*** Goeienaand uit Ierland uit! Ek het 'n rumour gehoor dat hierdie webtuiste bestaan en begin soek op die net, nie lank nie en ek het rustig gesit en lees van my land en sy mense. Ek stem met jul saam oor hoe moeilik dit is om jou land te verlaat en op 'n ander plek 'n bestaan te maak – ek dink die Afrika-geen in ons almal maak dit baie moeilik, dit het my meer as twee jaar gevat om myself hier te vind. Ek is 'n Suid Afrikaner wat in 2001 oorgekom het na Europa toe oorgekom het op 'n "werksvakansie", maar weens my ouderdom op daai tyd (42) en die Schenken Konvensie was ek nie eers welkom in Engeland nie, op die einde het ek in Ierland opgeëindig op die rug van die *Celtic Tiger* – Ierland se ekonomiese ontploffing. Hier het my werksvakansie omgesit in 'n liefde vir 'n land met 'n diep geskiedenis en ek praat nie hier van die Noorde nie, ek praat van die Kinders van Lir, Cuculhann en 'n menigte van hul ander voorvaders. Tot vandag toe sal 'n boer 'n "fairy fort" op sy plaas net so los en nie eers naby die fort die grond bewerk nie want hul glo dat as jy die fort versteur die "klein mense" jou sal kry (doodmaak). Ek is getroud met 'n Ierse burger (wat mal verlief is op RSA!) en alhoewel ek baie gelukkig is in Ierland en 'n goeie werk hier het bly my hart en siel maar in Afrika. Daar is nie 'n dag wat verby gaan wat ek nie die reuk van
  * geploegde grond,
  * 'n reënbui,
  * 'n boomstomp op die braaivuur,

  of
  * naggeluide en
  * son op jou rug mis nie - ek kan aangaan vir ewig.

  Ek sal graag jul nuusbriewe ontvang - veral ***Biltong Bulletin***.

Liewe mense, baie dankie vir al die wonderlike pos van die afgelope maand en al die interessante bydraes – ons hoor graag weer van julle en wens julle 'n allermooiste maand toe, tot ons weer gesels!

Alana & kollegas
AfriForum
[**www.komhuistoe.co.za** / **alana@afriforum.co.za**]